# QPro Vetbees Fase D

(V23836) (Wet 36 van 1947)

## Produkbeskrywing

QPro Vetbees Fase D is geformuleer vir bulle wat deur die fase D-toets gaan, maar ook om skou- en teelbulle se genetiese potensiaal te ontgin deur voedingstowwe van goeie gehalte op die regte tyd en teen die regte hoeveelheid te voorsien. Dit bevat die nodige natuurlike deurvloeiproteïen wat spiergroei en struktuur/bouvorm ontwikkel en bevorder. Terselfdertyd bied dit genoegsame energie om die bulle se kondisie te bou. Fase D-voer kan ook gebruik word vir "background"-doeleindes.

## Voeraanbeveling

Diere moet altyd aangepas word vir kragvoere. Voer dus 2-3 kg/bees Fase D-voer op dag 1 en verhoog innames met 500 g/bees/dag totdat 'n inname van ongeveer 1,5% van liggaamsmassa bereik word. Dit is voordelig om die totale voer in twee maaltye te verdeel (oggend en middag). Dit is belangrik dat hierdie kragvoer saam met genoegsame beskikbare veld of ruvoerbale gegee word.



Vir die **LIEFDE** vir jou

*Vir meer inligting en/of verwysing na u naaste tegniese adviseur, skakel ons kantoor by 058 303 9587*

## Spesifikasies

| Nutriënt | Eenheid | Insluiting |
|---|---|---|
| Proteïen (min) | g/kg | 130 |
| NPN-% (maks) | % | 22,07% |
| Ureum (maks) | g/kg | 10 |
| Vog (maks) | g/kg | 120 |
| Vet (min/maks) | g/kg | 25/75 |
| Ruvesel (maks) | g/kg | 120 |
| Ca (maks) | g/kg | 10 |
| P (min) | g/kg | 3 |

*Alhoewel nie in die tabel aangedui nie, bevat hierdie produk 'n volledige reeks makro- en spoorminerale in die mineraalpak, geformuleer volgens voedingsbehoefte van die dier.*



## Verpakking

Beskikbaar in 50 kg-sakke.

## Waarskuwing

Hierdie produk bevat NPN-bronne en/of geregistreerde medikamente. Voer dus streng volgens voorskrifte.

# DIERE